
## HALLOWEEN - REG OF VERKEERD?



Jy't seker ook al gewonder of Halloween reg of verkeerd is? Daar is stories in omloop dat Halloween duiwels is. Vir baie kinders is dit egter 'n prettige aand waarop hulle kostuums en maskers aantrek en met 'trick-or-treat' 'n vet klomp lekkers in die hande kry! Hulle voel dat ouers net pret uit hul lewens wil wegneem en/ of dat daar maar weer net 'n duiwel agter elke bos uitgeskop word.

Maar wat is die feite? Waar kom Halloween vandaan en hoe moet jongmense wat kinders van die Here is daaroor dink?

**WAAR KOM HALLOWEEN VANDAAN?**

Halloween het sy oorsprong by 'n fees van die Druïde. Die Druïde was 'n geheime heidense organisasie of Orde wat beheer uitgeoefen het oor die Kelte wat destyds in die Britse Eilande en Galië (Wes-Europa) gewoon het.

Hierdie fees het op die aand van 31 Oktober plaasgevind. Dit was die tyd van die jaar waar die winter vir hulle begin het, die dae dus korter en die donkerte meer geword het. By hierdie fees is Samhain, die heer of demoon van die Dood, dan vereer. Daar is geglo dat die dooies op hierdie dag uit hulle grafte sou opstaan en dat magte van die duisternis en die hel ook losgelaat sou word om fees te vier oor die duisternis en die dood, alles ter ere van Samhain, die heer of demoon van die Dood. Dit was dus 'n fees van donkerte, duisternis, die dood en die duiwel.

**Hoe om halloween-gebruike te verstaan?**


Noudat 'n mens verstaan waar Halloween vandaan kom, kan 'n mens die gebruike rondom Halloween en hul betekenisse ook beter verstaan.

**Simbole en versierings van die dood**



Omdat Samhain, die heer van die Dood, tydens Halloween vereer word, speel simbole van die dood tydens Halloween so 'n groot rol. Doodskiste, grafstene, geraamtes, kopbene met gekruiste beendere, geeste, mummies en begraafplase is algemene versierings tydens Halloween.

**Trick-or-treat**



Daar is geglo dat die dooies op hierdie dag uit hulle grafte sou opstaan en oor die aarde sou rondswerf in 'n poging om uit te kom by die huise waar hulle voorheen gebly het. Uit vrees dat die geeste hul vee sou doodmaak en hul eiendom sou vernietig, sou die bang dorpenaars hierdie wandelende geeste gevolglik tevrede wou stel deur geskenke van vrugte en neute vir hulle te gee. Dit is na bewering die oorsprong van die huidige 'trick-or-treat'.

Trick-or-treat word ook na 'n ander gebruik rondom die fees herlei. Die Druïde priesters sou na bewering op 31 Oktober van huis na huis beweeg en ongewone kos vra wat hulle of self sou eet of later aan Samhain, die heer of demoon van die Dood, sou offer. Indien die dorpenaars nie die treat sou voorsien nie, sou die Druïde priesters 'n vloek of trick oor hulle uitspreek.

**Jack-O-Lantern**



Soos wat die Druïde priesters van huis na huis beweeg het, sou hulle 'n groot uitgeholde raap met 'n uitgekerfde gesig aan die voorkant en 'n brandende kers aan die binnekant met hulle saamdra. Enersyds sou dit as lig of lantern dien. Andersyds sou dit die demoniese gees voorstel op wie se kragte hulle sou staatmaak.

Toe hierdie gebruik in die 18de en 19de eeu na Amerika toe oorgewaai het, was hierdie groot rape nie inheems aan Amerika nie. Die groot rape is hier met pampoene vervang. Die naam van die gees wat in die groot raap sou woon, was 'Jack'. In Amerika het dit later bekend geword as 'Jack wat in die lantern woon', of dan Jack-O-Lantern.

**Duiwelse kostuums en maskers**



Die dorpenaars sou hulle op dié dag beskerm teen die losgelate magte van die duisternis en die hel wat wild sou feesvier oor die duisternis en die dood. Hulle het dit gedoen deur hulle te vermom met maskers en kostuums, sodat hulle net soos die bose magte sou lyk en dus nie deur hulle geteister sou word nie. Dit is na bewering die oorsprong van die duiwelse kostuums en maskers wat met Halloween verbind word.

**Hoe het halloween in die kerk ingekom?**



Toe Konstantyn die Grote, Keiser van die Romeinse Ryk in die 4de eeu n C, die Christelike geloof aangeneem het, het hy beveel dat al sy onderdane dit ook moes doen of dat hulle doodgemaak kon word. Die kerk was dus deur mense oorstroom, waarvan baie nog heidene was. Só het hulle ook hul heidense gebruike saam met hulle in die kerk ingebring. Omdat die kerk nie daarin kon slaag om sommige van dié heidense gebruike uit die kerkmense uit te kry nie, is besluit om sommige daarvan op een of ander wyse kerklik aanvaarbaar te maak.

Só het die Pous in die 19de eeu aangekondig dat al die gestorwe martelare op 1 November vereer moet word. Dit het bekend gestaan as All Saints Day. Die vorige aand het bekend geword as die Eve of All Saints Day. Op dié manier het dié kerk toegelaat dat sy kerkmense op 31 Oktober fees kon vier, aangesien 1 November 'n heilige dag was.

Die mis wat op 1 November gehou word, staan bekend as Allhallowmass. Oor die jare het die vorige aand van 31 Oktober bekend geraak as All Hallow's Eve. Hieruit het die volgende benaminge ontwikkel: All Hallowed Eve, All Hallow E'en en uiteindelik Halloween.

Ongeag wat dié kerk oor dié feestelike dag of aand sê, kan dit nie van sy oorspronklike wortels losgemaak word nie.

**Hoe moet Christene dan oor Halloween dink?**

'n Kind van die Here wat die Here bo alles liefhet en Hom nommer een in sy lewe wil maak, sal die volgende moet onthou:

Halloween het 'n heidense oorsprong waar die magte van die dood en die duisternis, m a w die duiwel en

sy duiwelse magte, vereer word.



Die Fees van Samhain word deesdae deur Sataniste die Fees van die Dood genoem. Anton Lavay, die skrywer van die Sataniste Bybel, sê dan ook dat Halloween, 31 Oktober, die belangrikste aand van die Sataniste is. Sekere Satanistiese rituele word op hierdie dag nagekom. Sataniese vloeke word teenoor Christene, kerke en families uitgespreek. Diere (veral swart katte) en mense (veral jong kinders) word veral ook op hierdie dag aan Satan geoffer, waarna die bloed van die geofferde diere en mense gedrink word. Op sekere plekke laat die DBV dan ook nie swart katte aanneem tot na Halloween nie.

31 Oktober is dus nie 'n aand waar jong kinders, veral jong meisies, op sekere plekke alleen op straat moet wees nie!



Halloween is dus ernstige besigheid vir Sataniste en Sataniese hekse. Wanneer kinders dan deelneem aan die gebruike van Halloween, neem hulle onnadenkend deel aan die verering van die Sataniese magte! Doreen Irving, wat die hoofheks in Wes-Europa was, sê: 'If Christian parents had any idea of what Halloween REALLY is, they wouldn't even mention the word around their children.'

Die Here noem pertinent dat sy kinders van die duiwelse dinge en die duiwel self moet wegbly (Dt 18:9-14; Lv 19:26, 31; Jak 4:7; 1 Pt 5:8-9). Moenie kyk hoe naby jy die duiwel aan jou kan laat kom nie. Kyk liewers hoe ver jy van hom af kan wegbly! Anders kan jy dalk onbedoeld die duiwel, die brullende leeu (1 Pt 5:8), vermom soos 'n engel van die lig (2 Kr 11:14), in jou lewe inlaat. Partykeer is 'onskuldige' duiwelse speletjies juis die toegangspoort waardeur die duiwel 'n groot houvas op jou kan kry. Dit het al met baie mense gebeur.



As jy daarom 'n kind van die Here is wat Hom bo alles liefhet, moet jy onthou dat Hy jou onverdeelde lojaliteit vra: '...Ek, die Here jou God, vereis onverdeelde trou aan My' (Eks 20:5). In Jakobus 4:4 staan daar ook: 'Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.' 'n Mens staan in hierdie lewe in 'n liefdesverhouding met óf die Here óf die duiwel. Daar is nie 'n tussenposisie nie. As jy 'n kind van die Here is, hét jy al gekies met wie jy in 'n liefdesverhouding wil lewe. Doen dit, elke dag!

Die Here gun dit vir jou om 'n mooi en gelukkige mens te wees (Gn 1:31). Dit kan ons alleen doen as ons voluit vir Hom lewe. In Psalm 37:4 staan daar byvoorbeeld: 'Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.' Ons kan daarom nie die mooiheid en vreugde van ons menswees beleef as ons met die een hand aan die Here en met die ander aan duiwelse dinge vashou nie.


**OPGESTEL DEUR:**
DR LEON VAN ZYL
HOOF - PAIDION KINDERBEDIENING


**Dr Leon van Zyl**
Leon is die skrywer van die materiaal vir seniors. Hy was reeds 20 jaar leraar in die bediening en is al 14 jaar met navorsing , materiaalontwikkeling en die praktyk van kinderbediening besig. Hy is Hoof: Paidion Kinderbediening, skrywer en kursusleier van die Unisa Kinderbediening Sertifikaatprogram, het sedert 1997 meer as 130 kinderbediening-werkswinkels vir meer as 5000 volwassenes aangebied, het sedert 1998 kinderbediening op uitnodiging van die universiteite van Vista, Stellenbosch en Pretoria gedoseer en het kinderevangelisasie-opleiding en verskeie kinderbedieningskonferensies in die VSA

meegemaak.

**BRONNELYS:**

The AMERICAN PEOPLES ENCYCLOPEDIA
HALLOWEEN: CHRISTIAN OR SATANIC?
TARDO, R K, What's wrong with Halloween? (Brosjure)

